HEMELVAART

Jesus se laaste opdrag.

Ouderdomsgroep: Gr 3-5

Tema: Om gehoorsaam te wees aan Jesus se opdrag en die Goeie Nuus te deel met ander en daarmee besig te wees tot Jesus weer kom.

Teks gedeelte: Matteus 28: 19-20

19 *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en* 20 *leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

Verhaal en bespreking

Hoeveel van julle het al 'n juffrou/meneer hoor sê: "Ek gaan gou uit die klas om iets af te handel. Terwyl ek weg is moet julle julle huiswerk doen." Party van ons begin sommer dadelik doen wat gevra is, ander dink weer - ag nee wat, daar is baie tyd tot die juffrou/meneer weer terugkom. As die juffrou/meneer dan terugkom wie dink jy gaan skaam wees? Wie is ongehoorsaam?

Dis altyd belangrik om opdragte uit te voer - so gou as moontlik. Ons moenie uitstel nie. As jy aan Jesus behoort, het Hy vir jou instruksies gegee. Lees Hand. 1:1-11 en Matt 28:16-20.

Die dissipels was baie hartseer en bang toe Jesus gekruisig is en gesterf het. Toe Jesus na drie dae opstaan uit die graf – hoe dink jy het hulle toe gevoel? (verras, ongelowig, opgewonde?)

Laat iemand Handelinge 1 vers 3 lees. In Matt 28:16 lees ons dat daar 11 dissipels saam met Jesus was op die Olyfberg. Hoeveel dissipels was daar (12) en hoekom is daar nou net 11? (Judas het Jesus verraai en homself opgehang). Jesus het vir die dissipels gesê hulle moet vir Hom wag by die Olyfberg en hulle het dit gedoen. Jesus het geweet dat Hy na Sy Vader gaan en toe gee Hy vir die dissipels die belangrike, laaste opdragte. (Matt 28:19-20). Hulle moes die Goeie Nuus dat Jesus vir hul sondes aan die kruis gesterf het, met ander mense gaan deel. Hulle moes die mense leer hoe om 'n volgeling van Jesus te word en dat hulle God se gebooie moes nakom.

Omdat Jesus geweet het hulle gaan moedeloos word, het Jesus vir hulle iets belowe. Wat was dit? Dat Hy vir altyd by hulle sal wees. God sal Sy Heilige Gees stuur om in die harte van elke dissipel van Jesus te lewe. So sal Jesus altyd by hulle wees. Kyk na Hand. 1:8. Jesus het geweet hulle kan nie op hulle eie Sy werk doen nie, hulle het God se krag nodig en die Heilige Gees sal hulle ook daarmee help. Die dissipels moes baie goed na Jesus geluister het en toe word Jesus opgeneem in die hemel, 'n wolk het voor hulle gekom. Dink net hoe die dissipels se gesigte gelyk het. Skielik is Jesus net weg. Hoe dink jy het

hulle gevoel? (hartseer, verward, hulle het seker gewens hulle kon saam met Hom gaan). Terwyl hulle nog so kyk, het 2 manne in wit klere aan hulle verskyn wat gesê het, Jesus gaan weer kom soos Hy weggegaan het. Wat dink julle het hulle gedoen? Dink julle hulle het besluit om op 'n kombers te gaan lê en wag tot Jesus weer kom?

Jesus het vir Sy dissipels baie duidelik gesê wat hulle moet doen. Dit was belangrik dat hulle gehoorsaam was sodat wanneer Hy weer kom, hulle nie skaam sou wees omdat hulle ongehoorsaam was nie.

In die boek Handelinge lees ons wat die dissipels alles gedoen het. Jesus gee vir ons ook dieselfde opdrag. Ons moet vir ander die Goeie Nuus van Jesus vertel. Die Heilige Gees wat in ons woon, help ons en gee ons krag. Is jy gehoorsaam aan Jesus se opdragte? Jesus maak deur Sy dood aan die kruis vir jou die pad oop om Sy kind te wees en vir ander te vertel van Hom.

Vrae:

Na hoeveel dae het Jesus opgevaar na die hemel? (40)

Waar moes die dissipels vir Hom wag? (Olyfberg)

Watter opdrag het Jesus aan Sy dissipels gegee (Hulle moes vir ander die boodskap van Goeie Nuus vertel)

Hoe sou hulle die krag kry om die werk te doen? (God sou Sy Heilige Gees stuur om in hulle harte te woon en vir altyd by hulle te bly)

Wie het vir die dissipels vertel dat Jesus opgevaar het na die hemel? (2 manne in wit klere)

Hoe kan jy die week die Goeie Nuus oor Jesus met iemand deel?